basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B√ | (1) |
| | 1.1.2 | B√ | (1) |
| | 1.1.3 | D√ | (1) |
| | 1.1.4 | A√ | (1) |
| | 1.1.5 | B√ | (1) |
| | 1.1.6 | A√ | (1) |
| | 1.1.7 | B√ | (1) |
| | 1.1.8 | C√ | (1) |
| | 1.1.9 | C√ | (1) |
| | 1.1.10 | D√ | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | Ahimsa√ | (1) |
| | 1.2.2 | Tripitaka / Pali-Kanon / Sutras√ | (1) |
| | 1.2.3 | Hermeneutiek √ | (1) |
| | 1.2.4 | Rituele√ | (1) |
| | 1.2.5 | Verering√ | (1) |
| | 1.2.6 | Bodhisattva√ | (1) |
| 1.3 | 1.3.1 | C√ | (1) |
| | 1.3.2 | F√ | (1) |
| | 1.3.3 | E√ | (1) |
| | 1.3.4 | G√ | (1) |
| | 1.3.5 | B√ | (1) |
| | 1.3.6 | D√ | (1) |
| 1.4 | 1.4.1 | Boeddhisme√<br>Die ander drie is Midde-Oosterse godsdienste. / Die ander drie is monoteïstiese godsdienste√<br>Of<br>Judaïsme√<br>Die ander drie is sendeling godsdienste. √ | (2) |
| | 1.4.2 | Lao-tzu√<br>Die ander drie is heilige geskrifte van verskillende godsdienste. | (2) |
| | 1.4.3 | Sanskrit√<br>Die ander drie is onderafdelings in Hindoeïsme.√ | (2) |
| | 1.4.4 | Shabbat√<br>Die ander drie is Islamitiese terme.√ | (2) |
| | 1.4.5 | Hadj√<br>Die ander drie is Afrika Tradisionele Godsdiens-terme.√ | (2) |

1.5 1.5.1 Onwaar√
Volgens die Taoïstiese siening skep die Tao die Een, die Een skep die Twee. Die Twee skep die Drie. En die Drie skep die tienduisend dinge. Alles kom uit die Een. √
Of
Al die wêreldprosesse het uit twee kragte ontstaan, nl. Yin en Yang. (2)

1.5.2 Onwaar√
Soefi is daardie Moslems wat mistiek beklemtoon. √
Die Imam lei gemeentelike gebede in Islam. √ (2)

1.5.3 Onwaar√
Sinkretisme is die vermenging van verskillende godsdienstige oortuigings, wat tot 'n nuwe geloofstelsel lei. √
Pluralisme is 'n situasie waarin lede die leerstellings van ander godsdienste aanneem. √ (2)

1.5.4 Onwaar√
'Shruti' in Hindoeïsme beteken wat gehoor word. √
Die 'Smriti' is godsdienstige boeke wat deur individue geskryf is. / Dit verwys na wat onthou word.√ (2)

1.5.5 Waar√√ (2)

1.5.6 Onwaar√
Die Boeddhistiese godsdiens het in Indië ontstaan.
Taoïsme en Confucianisme het in China ontstaan. (2)

1.6 1.6.1
- Kom van die gesegde 'umuntu ngumuntu ngabantu' (terminologie tot hierdie effek uit ander taal is aanvaarbaar) √
- Hierdie konsep is sentraal tot leringe in Afrika Tradisionele Godsdiens. √
- Dit is 'n filosofie van gemeenskaplike gees. √

**LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.** (2)

1.6.2
- Ramakrishna is 'n Hindoe-heilige. √
- Hy was 'n volgeling van Smartisme, en het gesê 'Waarheid is een. Die wyses gebruik verskillende name daarvoor.' √
- Sy dissipel, Vivekananda, het Vedantiese denke na die Verenigde State gebring, deur die Ramakrishna missie. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.**

1.6.3
- Verwys na 'n geloof in een god. √
- Dit is 'n kenmerk van Abrahamitiese gelowe. √
- Midde-Oosterse godsdienste. √

**LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.** (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Eienskappe wat 'n godsdiens definieer.
- 'n Eksklusiewe selfbeeld.
- 'n Godsdiens stel grense wat een godsdiens van alle ander skei.
- Wanneer ons oor identiteit in godsdiens praat, sê ons dat daardie spesifieke godsdiens 'n sekere individualiteit het.

**LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

2.1.2
- Dit verwys na die verskille wat binne en oor godsdienste voorkom.
- Hierdie konsep word ook gebruik in die vergelyking van 'n verskeidenheid godsdienste.
- 'n Punt waar godsdienste nie dieselfde is nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

2.1.3
- Die konsep word as 'n plaasvervanger vir godsdiens gebruik.
- Dit het te make met die heersende, oorkoepelende wêreldbeskouings wat betekenis en algehele bestaanpatrone vorm.
- Dit is 'n vaste godsdienstige oortuiging.

**LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

2.2 2.2.1
- Moslems glo in al die profete, met die laaste boodskapper Profeet Mohammed.
- Die Koran bevat uitsluitlik wat Moslems glo die Woord van God is, terwyl die Hadith die leringe van die Profeet Mohammed is.
- Die Koran, wat in Arabies geopenbaar is, bly tot vandag toe onveranderd.
- Islam het geen tussenganger tussen die aanbidder en God nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

2.2.2
- Hulle glo in God die Vader, die Seun en die Heilige Gees (Drie-eenheid).
- Die kern van die Christendom is die geloof in Jesus Christus as die Seun van God.
- Christelike geskrifte leer dat Jesus uit die dood opgewek is nadat hy gekruisig is.
- Christene glo dat Jesus die enigste ware Messias is wat deur God aarde toe gestuur is en dat Hy eendag sal terugkeer.

**LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

2.2.3
- Niebestaan is die uiteindelike of die beginpunt van alles – dit is in 'n sekere sin groter as om te wees.
- Taoïste moet die lewe in harmonie met die Tao leef.
- Taoïste oefen nie hulle wil teen die heelal (Wu-wei) uit nie, maar aanvaar dit.

- Dit is een van die enigste godsdienste wat tot gevegskuns, veral *Neijia*, aanleiding gegee het.
- **LET WEL: Ander relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

2.2.4
- In die hart van Hindoe-denke is 'n diep geloof in die moontlikheid van beide geestelike evolusie en geestelike regressie (reïnkarnasie).
- Dit is die enigste godsdiens wat sê 'jy kan god wees'.
- Dit het nie verenigende oortuigings of leringe nie.
- Dit is 'n godsdiens wat uit baie verskillende skole en tradisies bestaan wat vry was om hulle eie idees en praktyke te ontwikkel.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (4)

2.3
- 'n Godsdienstige lering is sistematiese inligting oor 'n godsdiens.
- As die lering deur geloof aanvaar word, word dit 'n persoon se geloofsoortuiging.
- Daarom is onderrig en geloof verbind – lering lei tot geloof en agter 'n geloof is daar 'n lering.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (6)

2.4
- Die idee van 'n tussenganger of bemiddelaar is baie belangrik in hierdie godsdiens.
- Die voorvaders is bemiddelaars tussen die geesteswêreld en die mensewêreld.
- Die sangomas of waarsêers is bemiddelaars tussen mense en die voorvaders.
- Interaksie tussen die Opperwese en mense vind deur die voorvaders plaas, want die Opperwese is ver van mense af.
- Die voorvaders speel 'n baie belangrike rol omdat hulle voorsprake en beskermers van die stam is.
- 'n Gerespekteerde en geloofwaardige ouer persoon in die gesin kan as 'n bemiddelaar verstaan word.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (8)

2.5
- Die ervaring van menswees is pynlik en veroorsaak lyding (Die bestaan van Dukkha).
- Die oorsaak van pyn is begeerte of drang (Die ontstaan van Dukkha).
- Die enigste manier om lyding te stop, is om 'ongebonde' te word (Die beeïndiging van Dukkha)..
- Die enigste manier om 'ongebonde' te word, is deur die Agtvoudige Weg (Die einde van Dukkah). (8)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1
- Dit beteken dat gay mense toegelaat word om as priesters/predikante of pastore in die Verenigde Metodiste Kerk georden/aangestel te word. (2)

3.1.2 (a) Die 'Een Plan'-stroom was van mening dat geslagskwessies 'n besluit van 'n plaaslike bisdom moet wees. (2)

(b) Die 'Tradisionele Plan'-stroom was bedoel om die ordening van gay geestelike leiers en geestelike leiers wat huwelikseremonies van selfdegeslagpaartjies uitvoer, te verbied. (2)

3.1.3
- Die meeste Afrika-gelowiges woon in landelike gebiede en is meer tradisioneel.
- Die Verenigde Metodiste Kerk is een van die hooflynkerke, wat deur konserwatiewe volgelinge in Afrika oorheers word.
- Metodiste-kerke in Afrika word gelei deur konserwatiewe leiers, soos die Liberiese Metodiste-prelaat.
- Afrikalande/-leiers/ gemeenskappe sien homoseksualiteit as pervers en onheilig.
- Dieselfdesekshuwelikke word gesien as boos en verdien lang tronkstrawwe soos voorgeskryf deur bestaande wetgewing.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (6)

3.1.4 **NEE**, want dit is teen die volgende menseregte:
- Vryheid van diskriminasie as gevolg van geslag, seks of seksuele oriëntasie.
- Elke mens het die reg op vryheid van diskriminasie. Dit sluit die lesbiërs, biseksuele, gays en transgenders in.
- Elke mens het die reg op gelykheid. Selfs in die kerk.
- Elke mens het die reg op huwelik en gesin. Dit sluit selfde-geslaghuwelike in.
- Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie.

**JA**, want dit is in ooreenstemming met die volgende menseregte:
- Elke organisasie het die reg op vryheid van geloof en godsdiens. Die besluit was in ooreenstemming met hulle konstitusie.
- Die LGBT-beweging moet 'n Kerk soek waarvan die konstitusie in ooreenstemming met hulle lewenstyl is.
- Elke kerkorganisasie het 'n reg op vreedsame byeenkoms en assosiasie.
- Die Kerk onderskryf Bybelse leerstellings wat homoseksualiteit veroordeel.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (8)

3.1.5 **JA:**

- Hy het meer oor die standpunte van konserwatiewes in Afrika geskryf.
- Hy beklemtoon nie die teenargumente van die progressiewe minderheid nie, omdat hy dalk met die konserwatiewes saam stem.
- Hy het die besluit 'n oorwinning vir die konserwatiewe vleuel van die Kerk genoem.
- Hy het slegs 'n Afrika-leier van Wes-Afrika aangehaal, wat konserwatief is.
- Hy het gesê Metodiste moet nou werk om die seerkry en verdeeldheid te genees en te versoen. Hy erken nie dat die gay-kwessie steeds ‘n uitdaging bly nie.

**NEE:**

- Hy het objektief verslag gedoen oor wat in die Konferensie gebeur het.
- Die Konferensie is deur die konserwatiewes oorheers. Daarom het hy meer oor die konserwatiewe siening geskryf.
- Hy skryf vir Afrika-lesers wat wou weet wat die bydrae van hulle leiers in die Konferensie was.
- Die besluit is bindend vir elke lid van die Metodiste-kerk.
- Die liberale groepe is uitgestem. Daar is geen vooroordeel nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (8)

3.2

- Voor 1994 was Christendom die staatsgodsdiens en het dit uitsluitlike dekking op TV en radio ontvang.
- In 1994 het Suid-Afrika 'n sekulêre staat met 'n demokratiese grondwet geword.
- Alle staatsmedia (bv. SABC, radiostasies, ens.) moes aan alle gelowe erkenning gee.
- Voor 1994 was Christenskap die staatsgodsdiens, en het eksklusiewe dekking op TV/radio ontvang.
- Baie onafhanklike godsdienstige mediahuise het ontstaan, bv. Day Star, Trinity Broadcasting Network (TBN), Issues of Faith op SAUK, Radio Hindvani. Hulle verskaf dekking van verskeie godsdienste en nie net die Christendom nie.
- Gemeenskapsradiostasies en tydskrifte gee dekking aan plaaslike godsdienstige geleenthede.
- Die publiek kan by die MRK en BCCSA oor onregverdige godsdiens-dekking kla.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (10)

3.3

- Hulle is van die minderheidsgodsdienste in Suid-Afrika.
- Joernaliste het geen kennis van hierdie godsdienste nie.
- Hulle leiers tree nie skandalig op nie, wat die media se aandag trek nie.
- Politici gebruik nie hulle byeenkomste om veldtogte vir kiesers te hou nie.
- Taoïsme is nie 'n missionêre godsdiens nie, en gee nie aan hulleself publisiteit nie.
- Die Bahá'í-geloof is baie aktief in omgewingsake, maar die godsdiens self word nie bevorder nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (12)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Europa (2)

4.1.2
- Protestants en Katoliek (4)

4.1.3
- Die Protestantse lojaliste wil Noord-Ierland as deel van die Verenigde Koninkryk behou.
- Die Katolieke nasionaliste wil hê dat die hele Ierland onafhanklik en verenig moet wees. (4)

4.1.4
- Intra-religieuse konflik verwys na konflik tussen twee groepe binne 'n godsdiens. (2)

4.1.5
- Die konflik is tussen twee takke van die Christendom.
- Dit gee die idee dat dit 'n godsdienskonflik is.
- Die hoofoorsaak van hierdie konflik is egter polities.
- Godsdienstige verskille beklemtoon slegs die politieke verskille.
- Hierdie konflik is oënskynlik in 1998 opgelos, maar huidige politieke sake het 'n hernude herlewing van hierdie konflik veroorsaak.
- Die konflik gaan hoofsaaklik oor politieke beheer en ekonomiese faktore. (8)

4.2
- Godsdienstige leiers kan bemiddel en met alle partye in gesprek tree.
- Godsdienstige leiers word gerespekteer en het deur hulle godsdiens gewoonlik kontakte en konneksies in baie dele van die wêreld.
- Hulle moet met politieke partye skakel om 'n oplossing te vind, aangesien die konflik meer polities as godsdienstig is.
- Hulle het dus toegang tot 'n netwerk van mense van ander wêrelddele wat ook kan help met die oplossing van die konflik.
- Die meeste godsdienste leer van vrede en deernis. Daarom is lede bereid om materieel en finansieel tot die slagoffers van konflik by te dra.
- Godsdienstige leiers kan 'n intergodsdienstige beraad uitroep vir gesprekke oor die konflik.
- Dialoog beteken om met respek te praat en te luister om die probleem te probeer verstaan en 'n oplossing te soek.
- Die dialoog moet tot praktiese stappe lei, wat aan beide kante geneem kan word, ongeag godsdiens, om die situasie te verlig.
- Godsdienstige organisasies kan hulle godsdienstige oortuiging oor vrede in die wêreld en die heiligheid van die lewe gebruik om vreedsame gedrag te lei en te demonstreer.
- Godsdienstige organisasies kan saamwerk om menslike lyding, soos 'n tekort aan voedsel, mediese voorrade of ander benodigdhede, te verlig.
- Godsdienstige organisasies moet netwerk met die Afrika-unie, die Verenigde Nasies en baie internasionale hulp-agentskappe om burgerlikes te beskerm en te ondersteun.
- Organisasies soos die Islamitiese Hulp-agentskap en die Katolieke Agentskap vir Oorsese Ontwikkeling moet fokus op praktiese ondersteuning, soos mediese voorraad, skuiling vir slagoffers en die voorsiening van voedsel.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (10)

4.3 **VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP**

- 'Almal wat die swaard opneem, sal deur die swaard omkom.' (Matt. 26:52)
- Hierdie aanhaling beteken dat geweld ontmoedig word.
- Alhoewel Christene veronderstel is om vredemakers te wees, kan oorlog onder sekere omstandighede gevoer word.
- In die Christendom kan slegs 'n wettige heerser van 'n staat 'n oorlog verklaar.
- Daar moet 'n regverdige rede wees vir Christene om hulleself te betrek.
- Die bedoelings moet eerbaar wees. Oorloë om vrede te verseker, kwaaddoeners te straf en die goeie op te hef, word toegelaat.
- Oorloë vir hebsug, mag of grond word nie toegelaat nie.

**VOORBEELD 2: ISLAM**

- 'Veg in die saak van God teen diegene wat teen jou veg, maar nie aggressief nie.' (Koran 2, 190)
- Oorloë van selfverdediging en wraak is toelaatbaar, maar daar mag geen misbruik wees nie.
- Islam het ook die konsep van djihad, wat dikwels verkeerd verstaan word as oorlog.
- Djihad beteken eenvoudig om te streef of te stry op die weg van God.
- Die volgende is verskillende tipes djihad:
    - Innerlike geestelike en morele strewe om 'n beter Moslem te word.
    - Goeie gedrag, om 'n voorbeeld te stel van wat dit beteken om 'n Moslem te wees.
    - Rustige prediking om die woord van God te versprei.
    - Oorloë teen diegene wat Moslems onderdruk of vervolg.
- Die eerste drie tipes word as groter djihad beskou, terwyl die laaste as die mindere beskou word. (10)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

4.4

- Suid-Afrika is 'n sekulêre staat; daar is geen staatsgodsdiens nie.
- Alle godsdienste het gelyke status in die grondwet.
- Alle godsdienste word verteenwoordig by staatsbyeenkomste.
- Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening is in die Grondwet van Suid-Afrika verskans.
- Alle gelowe word in die intergodsdienstige nasionale en internasionale organisasies in Suid-Afrika verteenwoordig.
- Daar is 'n Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe wat saam met ander organe van die burgerlike samelewing werk om die beskerming van individuele kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe te bevorder (10)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

**[50]**

**VRAAG 5**

5.1
- Demokratiese/Sekulêre regering (2)

5.2
- Godsdiensvryheid kan verduidelik word as die handeling om persone of 'n gemeenskap in staat te stel om die godsdienste van hulle keuse na te streef.
- Godsdiensvryheid, byvoorbeeld, word uitgedruk in wetgewing wat beide godsdienstige en burgerlike huwelike erken.
- Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie.
- Die staat laat persoonlike vieringe van godsdienstige vakansiedae of rituele.
- Godsdiensvryheid laat inter-godsdienstige dialoog en samewerking toe in die oplos van probleme / die skep van vrede en harmonie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (4)
**Twee punte word toegeken vir die verduideliking en twee punte vir die voorbeeld.**

5.3
- In 'n sekulêre staat is die regering en moraliteit nie op godsdiens gebaseer nie, en godsdienstige wette is nie deel van die staat se wette nie.
- Die Franse regering beweer dat die dra van godsdienstige klere op regeringseiendom, die Franse reëls en wette oor sekularisme oortree.
- Die regering wil al sy burgers gelyk akkommodeer, ongeag hulle verskillende godsdienste.
- Sekulêre wêreldbeskouings word geakkommodeer en kry dieselfde erkenning as enige godsdiens.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (4)

5.4
- Godsdienstige organisasies kan hulleself organiseer en teen godsdienstige onverdraagsaamheid staan.
- Hulle kan 'n petisie opstel en onderteken, en dit by staatsamptenare indien.
- Godsdienstige leiers moet die regering betrek om daardie reël te wysig.
- Godsdienstige organisasies moet beklemtoon dat godsdiens deel is van die alledaagse lewe, en nie blote rituele nie. (6)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

5.5 **JA**
- Elke regering het 'n verpligting om sy burgers te beskerm teen uitbyting.
- Dit sluit lede van godsdienstige organisasies in.
- Die regering moet slegs ingryp as die wet oortree word.
- Die wet sal oortree word as daar enige vorm van diskriminasie, beperking van vryheid van assosiasie, geweld, besering of skade, ens. is.
- Regulering van godsdiens kan kwesbare mense beskerm teen uitbuiting deur diegene wat hulle in die naam van godsdiens sou skade doen.
- Regeringregulering sal alle godsdienste toelaat om gelyke regte te hê.

Kopiereg voorbehou 

**NEE**

- Godsdienstige organisasies glo dat hulle deur God geïnspireer is.
- Daarom hoef hulle nie deur enige menslike agentskap gereguleer te word nie.
- Hulle sal regulering sien as 'n inbreuk op hulle godsdiensvryheid.
- Lede sal self bewus wees van hulle regte en sal enige misbruik kan weerstaan.
- Oorregulering kan tot weerstand teen die staat lei.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (6)

5.6 **JA**

- Alle godsdienste word dieselfde hanteer.
- Die staat het die reg om by godsdienssake in te meng as godsdiens 'n negatiewe impak op gemeenskappe het.
- Godsdienste wat in die verlede die staat beïnvloed het, word nou dieselfde as ander godsdienste hanteer.
- 'n Godsdienstige staat dwing die staatsgodsdiens op niegelowiges af.

**NEE**

- Menseregte is in godsdienstige leerstellings gewortel.
- Menseregte kan deur beide sekulêre en godsdienstige state gerespekteer en misbruik word.
- Staatsgodsdiens kan menseregte aanneem sonder om na 'n sekulêre staat te verander. (6)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**
**Waar kandidate beide JA en NEE beantwoord, mag ‘n maksimum van VIER punte toegeken word vir enige regverdiging.**

5.7
- Menseregte is onvervreembare regte en geld vir almal.
- Vrye meningsuitdrukking is een van hierdie regte, maar is nie absoluut nie.
- Dit moet gebalanseer word met sensitiwiteite van ander godsdienstige groepe.
- Hierdie reg beteken dat elkeen die reg het op vryheid van die pers en ander media, vryheid om godsdienstige inligting of idees te ontvang of oor te dra.
- Vrye meningsuitdrukking strek nie tot propaganda vir oorlog, aanhitsing tot geweld, voorspraak van haat wat op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens gebaseer is nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (6)

5.8 5.8.1
- Mense het nie 'n keuse oor hulle godsdiens nie.
- Hulle word in 'n bepaalde godsdiens ingedwing.
- Hulle mag dalk nie die punt van persoonlike bekering en oortuiging bereik nie.
- Daar sal teen mense gediskrimineer word op grond van hulle godsdiens. Dit kan tot gewapende konflik lei.
- Dit skend die beginsel van neutraliteit in godsdienstige sake. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

5.8.2
- Daar is minder aanspreeklikheid van godsdienstige leiers.
- Vryheid en gebrek aan grense kan tot vreemde verkenning en eksperimentering lei.
- Die gees van vryheid, amper van 'enigiets gaan', maak die greep van godsdiens los.
- Godsdiens kan dalk swakker word soos wat die wêreld al hoe meer sekulêr word.
- Daar is 'n erosie van moraliteit soos wat die samelewing sekulêr word. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

5.9
- Inter-godsdienstige dialoog hou baie voordele in, soos godsdiensvryheid en die geleentheid om uit te vind en dieper te dink oor verskillende godsdienste.
- Hulle moet saamwerk aan inter-godsdienstige projekte wat kwessies hanteer wat die jeug beïnvloed.
- Hulle moet ten minste drie mense van ander godsdienste as hulle eie godsdiens ontmoet.
- Vra hulle oor hulle oortuigings, rituele, dieët, deurgangsrites, ens.
- Jeug moet troues van verskillende godsdienste bywoon.
- Reël opedae by verskeie plekke van aanbidding. (8)
- Verstaan verskillende geloofstelsels, sodat daar verdraagsaamheid teenoor diversiteit kan wees.

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou